Werner Schubert
EYES & EARS OF THE KAROO
120 Bird Street • Beaufort West
Tel : 023 414 3519
Cell : 083 462 7308
eyeguy@beaufortwest.net
Carnarvon • Laingsburg • Prince Albert • Victoria West

Courier
Die Koerant vir die Nuweveld sedert 1869
The Newspaper for the Nuweveld since 1869

Van Niekerk Prokureurs
Birdstraat 91 • Beaufort-Wes • 6970
Tel: 023 - 414 2131
Boedelberedderaars • Afslaers • Taksateurs
Transportbesorgers • Skuldinvordering
Egskeiding • Onderhoud • Interdik
Kriminele Regsverteenwoordiging
Padongelukkefonds Eise

Verspreidingsarea: Beaufort-Wes, Leeu-Gamka, Merweville, Murraysburg, Nelspoort, Prins Albert, Victoria-Wes,Laingsburg en Loxton

Prys - R6.00 - Price (BTW ing./VAT incl.) Geregistreer by die HPK as 'n Nuusblad - Registered at the GPO as a Newspaper ISSN 2075-5872 20 Mei 2022

# Moenie ons kinders se skool vat nie, pleit plaaswerkers

Tussen Oudtshoorn en Prins Albert se uitgestrekte skaapplase is 'n paar kinders aan die speel in die Karoo-son. Dit is pouse by die Seekoegat VGK Primêre Skool.

Maar as dit van die Wes-Kaapse onderwysdepartement (WKOD) afhang, sal daar kort voor lank nie meer kinderstemme opklink in hierdie wye landskap nie. Die departement het die 115 jaar oue Seekoegat einde verlede jaar gesluit.

Ouers van die leerlinge, werkers van die omliggende skaapplase wat vir tot vier geslagte lank skoolgegaan het, skop egter nog vas. Hulle sê hul kinders gaan nêrens nie.

Die departement sê hul kinders moet by skole in Beaufort-Wes of Prins Albert inval en loseer, maar hulle stuur hulle steeds elke dag Seekoegat toe. Twee assistent-onderwysers hou vrywillig vir hulle skool.

Die skole in Prins Albert en Beaufort-Wes is tot 90 km ver van die plase waarop hul ouers woon en werk. Die kinders sal net een keer per maand kan huis toe kom wanneer die onderwys-departement hulle met 'n bus by die plase waar hul ouers werk kom aflaai, sê die ouers. Dis vir hulle darem net te erg.

Die departement se probleem met Seekoegat is sy leerlingtal. William Jantjies, direkteur van institusionele bestuur, het die afgelope week in 'n parlementêre vergadering gesê die skooltjie raak al kleiner en het nou net 19 leerlinge oor. 'n Skool kan nie in die Wes-Kaap geregistreer word as sy leerlingtal onder 20 is nie.

Die WKOD is ook bekommerd dat Seekoegat nie gehalteonderrig gee nie, want daar is vir 'n paar jaar reeds net een onderwyser vir kinders van gr. 1 tot 6. Die onderwyser moes ook die pligte van skoolhoof vervul. Jantjies sê dit kan nie geregverdig word nie. En dis 'n vermorsing van hulpbronne. Primêre skole het gewoonlik 'n verhouding van 40 kinders tot een onderwyser.

Die sluiting van plattelandse skole weens kwynende leerlinggetalle gebeur oor die land heen ingevolge die departement van basiese onderwys se beleid dat klein (meestal plattelandse) skole saamsmelt of sluit sodat kinders in groter, "beter toegeruste skole" kan leer. Dit help sodat onderwysers en hulpbronne optimaal aangewend kan word.

Equal Education, 'n nieregeringsorganisasie, sê op sy webwerf die sluiting van klein skole waar kinders by groter skole ingeskryf word, lei tot skaalbesparings in onderwys, beter onderrig en beter finansiering.

Maar dan moet die sluitingsproses billik wees, die gemeenskap en die beheerliggaam moet kan insette gee en hul voorstelle moet oorweeg word.""

Marie Sukers, ACDP-LP, het die afgelope week 'n petisie aan die portefeuljekomitee oor basiese onderwys voorgelê waarin sy namens die Seekoegat-gemeenskap pleit dat die skool se deure oopgehou moet word, ten minste totdat die skool en die departement 'n ooreenkoms kan bereik oor die pad vorentoe.

Seekoegat is 'n landelike skool waar ouers hoofsaaklik werkers op afgeleë plase is. Die kinders gaan in twee koshuise tuis en hul ouers kom haal hulle elke naweek. In baie gevalle is die paaie só sleg dat die plase net met 'n viertrekvoertuig bereikbaar is," sê sy.

Sy sê die kinders en ouers se reg op sorg sal hulle ontneem word as hulle in koshuise ver van hul ouerhuise moet skoolgaan. Baie van die gesinne is te arm vir selfone en data en die kinders sal baie moeilik met hul ouers kan kommunikeer terwyl hulle by die skool is.

Chris September (31) en Louise October (28), twee plaaswerkers, het aan die begin van die jaar die moeilike besluit geneem om hul kinders uit Seekoegat te haal en by die Laerskool Rietbron tussen Beaufort-Wes en Willowmore in te skryf. "Ons was bang daar is later nie meer 'n onderwyser by

**(vervolg op bl.3)**




**Louise October en Chris September, 'n ouerpaar wat op 'n plaas werk en wie se kinders nou verder weg moet skoolgaan.**



**Beatrice Stolz-Morris, voorsitter van die beheerliggaam, wys hoe die koshuis lyk.**

STEEL & PIPES for AFRICA
YOUR ONE STOP STEEL, TUBING AND HARDWARE SHOP
Your One-Stop Steel Tubing & Hardware Shop
Binnestraat 21 | George Industria | Tel 044 875 9245
VERSKAFFERS VAN:
• ROUND, SQ & RECTANGULAR TUBING
• GALVANISED ROUND TUBE
• RE-INFORCING Y-BAR
• EXPANDED METAL
• STORMWATER GRATINGS
• WALKWAY GRIDS
• INDUSTRIAL HANDRAILING
• HOT ROLLED CHANNEL & LIP CHANNEL
• CONVEYANCE TUBES
• FLAT, ROUND & SQ BAR
• ANGLE IRON
• HOT ROLLED SHEET & PLATE
• GALVANISED SHEETING
• VASTRAP
• SHAFTING & HOLLOW BAR
• PALISADE FENCING
• GATE AUTOMATION
• HARDWARE
• PAINT
• ROOFING PRODUCTS
•POWER TOOLS
• INTERCOMS
• LOCKS & SECURITY SYSTEMS
• ORNAMENTALS
• EN VELE MEER!!
Skakel ons gerus!
GRATIS AFLEWERING MAANDAE EN WOENSDAE

ALLES VARS
SAVERITE
SPECIALS!
Nuwestraat 120
Beaufort-Wes
Tel. 023 414 3481
082 576 1875
Ons voeg baie waarde toe deur u te help om die regte pryse vir u vars voedselprodukte te betaal!

| | | |
|---|---|---|
| Bokomo Weetbix 450g R19.99 | Simba Chips 120g R 13.99 | Suiker 2kg R 33.99 |
| Pasta 400g R9.99 | First Choice Melk 6x1lt R 77.99 | Wortels R6.99 |
| True Essentials Soap 100g R 4.99 | Bokomo Corn-flakes 200g R 9.99 | Spare Rib Burger & Chips & Kingsley 500ml R 35.00 |
| | Aartappels 7 kg R54.99 | |

- CAPITEC ATM - SASSA-KAART FASILITEITE BESKIKBAAR

# Vier vas na bokke glo gesteel is

Fantastiese samewerking tussen polisielede en die NAVIC-kontrolespan het gelei tot die arrestasie van vier verdagtes wat na bewering in 'n veediefstalsaak betrokke was.

11 Angora-bokke terwaarde van R22 000, wat na bewering in die Klipplaat-omgewing gesteel is, is terug gevind.

Volgens kaptein Gerda Swart, woordvoerder van die Oos-Kaap-polisie, het die lede vroeggoggend op 10 April inligting ontvang van 'n wit Volkswagen Transporter wat glo gesteelde eiendom vervoer.

Die voertuig was op die R75 in die rigting van Kariega onderweg.

"Die polisie het 'n padblokkade opgestel en die Transporter het deur die padblokkade gejaag wat tot 'n hoëspoed-jaagtog tussen die verdagtes en die polisie gelei het. Volgens kaptein Gerda Swart, woordvoerder van die Oos-Kaap-polisie, het die lede vroeggoggend op 10 April inligting ontvang van 'n wit Volkswagen Transporter wat glo gesteelde eiendom vervoer.

"Die Despatch-polisie, die Uitenhage-honde-enheid en die Uitenhage-misdaadvoorkomingseenheid is vir hulp ingeroep. Die voertuig is by die M19-kruising gestop en vyf verdagtes het te voet verder gevlug. Vier verdagtes is in hegtenis geneem. Die vee is in die voertuig gevind."

Die verdagtes, wat almal tussen die ouderdomme van 10 en 56 jaar oud is, sal Maandag in die Kariega-landdroshof verskyn.

**11 Angora-bokke ter waarde van R22 000, wat na bewering in die Klipplaat-omgewing gesteel is, is terug gevind.**



# Leon Campher nuwe onderburgemeester van Oudtshoorn

Leon Campher van die Dysselsdorp Advieskantoor is pas as onderburgemeester van die raad van Oudtshoorn verkies.


Chris Mcpherson (DA) het Campher gelukgewens en opgemerk dat dit die eerste keer in die geskiedenis van Oudtshoorn is dat beide die burgemeester en onderburgemeester van Dysselsdorp is.

Vlancio Donson (Icosa) het beide mosies van wantroue teen die burgemeester, Chad Louw, en die hoofsweep van die raad, Nomsa Jaxa, teruggetrek.



# IN&OM DIE HUIS:

## Hekel en Brei



Knus onder 'n KNIEKOMBERS

MOEILIKHEIDSGRAAD: ★★

Dra die winterwarmte oral saam met hierdie oulike opvoukombers

Deur KAREN ADENDORFF
Foto ELMARIE KNAPTON

**Benodigdhede**

**Elle Pure Gold-dubbelbreidraad (100 g-balle): 3 bolle elk Soft Lilac 200, Salmon 205, Phlox 207 en Cabaret 204.**
**3,75 mm-hekelpen**
**Knoop**
**Naald met groot oog**

**Grootte**

135 cm x 100 cm

**Afkortings**

**dies** – dieselfde; **dr** – draai; **gs** – glipsteek; **h/af** – heg af; **herh** – herhaal; **kb** – kortbeen; **ks** – kettingsteek; **lb** – langbeen; **ls** – lus; **rdte** – rondte; **sp** – spasie; **tr** – tros; **vlg** – volgende

**Aanwysings**

Hekel 48 blokke: 8 x 6 blokke.

**1ste blok**

Met die 1ste kleur en 3,75 mm-hekelpen, begin met 8 ks, gs in 1ste ks om ring te vorm.

**1ste rdte:** 3 ks (= 1e lb), 23 lb in ring, gs bo in 3 ks met vlg kleur. Heg 1ste kleur af.

**2de rdte:** 4 ks, (1 lb in vlg lb, 1 ks) 23 keer, gs in 3e van 4 ks.

**3de rdte:** 3 ks, (slaan 1 ks-sp oor, 1 kb in vlg 1 ks-sp, 11 ks, 1 kb in dies sp, 2 ks, slaan 1 ks-sp oor, 1 kb in vlg lb, 2 ks) 7 keer, slaan 1 ks-sp oor, 1 kb in vlg sp, 11 ks, 1 kb in dies sp, 2 ks, slaan 1 ks-sp oor, 1 kb in vlg lb, 2 ks, gs in 1e ks van begin-3 ks met vlg kleur. Heg 2de kleur af.

**4de rdte:** 1 kb in laaste gs, (7 lb in 11 ks-sp, 2 ks, 7 lb in dies 11 ks-sp, slaan vlg kb en 2 ks-sp oor, 1 kb in vlg kb) 8 keer, eindig met gs in 1e kb. Heg 3de kleur af.

**5de rdte:** Met 4de kleur, 1 kb in 2 ks-sp (= tussen die 7 lb-groepe), [1 ks, slaan 3 lb oor, 3 lb in vlg lb, 1 ks, slaan 6 lb oor, 3 lb in vlg lb, 1 ks, slaan 3 lb oor, (1 kb, 3 ks, 1 kb) in 2 ks-sp, 1 ks, slaan 3 lb oor, 3 lb in vlg lb, 2 ks, slaan 6 lb oor, 3 lb in vlg lb, 1 ks, (1 kb, 3 ks, 1 kb) in 2 ks-sp] 4 keer, vervang die laaste kb met gs in 1e kb.

**6de rdte:** 1 ks, [1 kb in 1 ks-sp, 1 kb in elk van vlg 3 lb, 1 kb in 1 ks-sp, 1 kb in elk van vlg 3 lb, 1 kb in vlg 1 ks-sp, 3 kb in 3 ks-sp, (slaan vlg sp en 3 lb oor), (5 lb, 7 ks, 5 lb) in 2 ks-sp, (slaan vlg 3 lb en sp oor), 3 kb in vlg 3 ks-sp] 4 keer, gs in 1e kb. H/af.

**2de en daaropvolgende blokke**

Hekel 1ste blok tot aan die einde van rdte 6. Hekel 2de blok tot aan einde van rdte 5, en hekel dan die 2de blok met vyf plekke aan die 1ste blok vas as volg:

Hekel rdte 6 tot by die hoek voor die 7 ks; 3 ks, 1 ks deur die 7 ks-sp van 1e blok, 3 ks, 5 lb in 2 ks-sp van 2e blok, hekel 1 ks deur 1e blok net na die 5 lb, 3 kb in 3 ks-sp van 2e blok, 1 kb in vlg sp, 1 kb in elk van vlg 3 lb, 1 ks deur sp tussen die 3 pare lb van 1e blok, 1 kb in elk van vlg 3 lb, 1 kb in vlg sp, 3 kb in 3 ks-sp van 2e blok, 1 ks deur sp net voor 5 lb van 1e blok, 5 lb in 2 ks-sp van 2e blok, 3 ks, 1 ks deur 7 ks-sp van 1e blok, 3 ks, 5 lb in dies sp van 2de blok, voltooi 2de blok volgens die patroon.

Hekel die 48 blokke aanmekaar. Werk al die los drade weg.

**Randjie rondom**

**1ste rdte:** Met 1ste kleur, hekel 30 kb in elke blok en 7 kb in elke hoek. H/af.

**2de rdte:** Met 2de kleur, 1 kb in elke kb, 3 kb in elke hoek. H/af.

**3de rdte:** Met 3de kleur, dies as met rdte 2. H/af.

**4de rdte:** Met 4de kleur, dies as rdte 2.

**5de rdte:** *1 kb in 2 kb, 2 ks, slaan 1 kb oor*, her van * tot * rondom. H/af.

**Bandjie**

**1ste rdte:** Met 1ste kleur, begin met 5 ks, 2 lb-tr in 1e ks, *4 ks, dr werk kloksgewys, 2 lb-tr bo in vorige tr*, her van * tot * tot 'n lengte van 70 cm. H/af.

**2de rdte:** Hekel met vlg kleur langs die lengte af; 4 ks, 1 kb in basis van elke tr tot aan die einde, 3 kb op punt, * 4 ks, 1 kb in sp regoor vorige ry se kb *, her van * tot * tot einde. H/af.

**3de rdte:** Met vlg kleur, * 4 ks, 1 kb in vlg kb *, her van * tot * die lengte af, 4 ks oor die punt, * 1 kb in elke kb, 4 ks *, her van * tot * tot einde. H/af.

**4de rdte:** Met vlg kleur, dies as rdte 3 maar hekel 5 ks oor die punt (= die knoopsgaatjie).

Werk die basis van die bandjie tussen die 3e en 4e van die 8 rye blokke vas. Werk die knoop op die bandjie vas. VI


**KAROO**

**DBV SPCA**

**Beaufort West**

Berenice
084 512 1799
Jaco du Plessis
072 847 7312
admin@karoospca.co.za

**Algemene Jaarvergadering**

**DATUM: 30 Mei 2022**
**WAAR: Men's Club, Beaufort-Wes**
**TYD: 18:00**

Die gemeenskap word vriendelik uitgenooi om die vergadering by tewoon en Karoo DBV te kom ondersteun!

Enige besprekingspunte vir die AJV moet voor of op 17 Mei 2022 om 12:00 ingedien word.
Geen laat besprekingspunte sal aanvaar word nie.

***Ledegeld:R150-00 per jaar***
***Skoliere / Pensioenaris R100-00 per jaar***






**Brian Rademeyer van Prins Albert sy die dorp se noordelike ingang was lanklaas so skoon. "Wie ook al dit gereël het, dankie. Ek dink nie daar is enige ander Karoo dorp wat tans so skoon is nie."**

Stand van Gamkadam:

96.95 % 0p

17 Mei 2022

## Moenie ons kinders se skool vat nie, pleit plaaswerkers (vervolg vanaf voorblad)

Seekoegat nie. Rietbron is beter as Beaufort-Wes. Ek sal nié my kinders soontoe stuur nie. Daar het hulle te doen met drugs. Op Seekoegat was my kinders in 'n plaasskool waar ek hulle kon los sonder worries. Dit was soos 'n groot familie," sê September.

Sukers en die gemeenskap vra vir 'n samewerkingsooreenkoms met die WKOD waar Seekoegat as 'n onafhanklike skool kan oopbly met hulp van die owerhede. Die skool verskaf steeds daagliks drie maaltye aan kinders danksy kosskenkings van weldoeners in die gemeenskap.

Seekoegat is die hartklop van die gemeenskap. Sluit die skool en jy ruk die gemeenskap se hart uit," sê past. Willie Coetzee van Oudtshoorn, wat ook betrokke is by die pleidooi om die skool oop te hou.

Beatrice Stolz-Morris (53), voorsitter van Seekoegat se beheerliggaam, het self daar skoolgegaan – en so ook haar grootouers, ouers en haar kinders. "Ons was vier geslagte op Seekoegat."

Sy sê die WKOD se amptenare weet van die begin af dat die ouers nie geneë is dat die skool sluit nie, maar hulle het hul besluit deurgedruk.

Jantjies sê die WKOD het in 2020 amptelik sy plan om die skool te sluit aan die skool gekommunikeer. Die hele gemeenskap is tyd gegun om voorleggings te doen en daar was openbare verhore.

Stolz-Morris sê egter die openbaredeelnameproses was gebrekkig.

Hulle kom hier aan en gebruik hoë woorde. Ons ouers het gedink dis 'n vergadering. Nou hoor hulle 'verhoor' en hulle dink: 'Kom ons bly liewer stil. Dié is 'n verhoor; netnou sê ons iets wat ons kan laat tronk toe gaan."

Ook Sukers twyfel of die WKOD erns gehad het om die insette van alle betrokkenes te kry. "Baie min van die ouers het vervoer. Van hulle gebruik nog donkiekarre of fietse. En dit was Covid-19. Hoe kon hulle insette gekry het wat verteenwoordigend is van die gemeenskap?"

David Millar, uitvoerende hoof van die onderwysvakbond Naptosa in die Wes-Kaap, sê die besluit om Seekoegat te sluit is in die beste belang van die leerlinge. "By dié skool is daar net een onderwyser vir leerlinge in die grondslag- (gr. 1 tot 3) én intermediêre fase (gr. 4 tot 6). In Suid-Afrika word onderwysers opgelei in een van hierdie twee fases – nie altwee nie. Een onderwyser is nié gekwalifiseer genoeg om altwee fases in een klas te onderrig nie."

Prof. Mariëtte Geldenhuys, 'n onderwysregskenner verbonde aan die Universiteit van die Vrystaat se regsfakulteit, sê kinders se reg op gehalteonderwys troef hul reg tot ouerlike sorg. " 'n Skool is nie net 'n plek waar kinders opgepas word nie. Hulle moet die nodige vaardighede ontwikkel om eendag vir hulself te kan sorg."

***Liesl Pepyer, Die Burger***



**Leerlinge van Seekoegat staan in 'n ry voordat hulle by die monteerklaskamer ingaan. Foto's: EDREA DU TOIT**



**Cassidy Williams, 'n onderwyser-assistent, wat sedert begin vanjaar vrywilliglik vir Seekoegat se leerlinge skoolhou.**

## Member of Parliament NCOP ( MP ) Hon EZ Njadu meets with High Commissioner South Africa to Namibia, HE Whitehead

Mr Edward Njadu, Member of the National Council of Provinces and head of the Laingsburg Constituency Office, is currently on a visit to Namibia. "The purpose of the visit is to look into the historical background of South Africa and Namibia and also to study the similarities of the governance systems of the two sister countries with the purpose to strengthen relationships on matters of common interest and future working relationships," says Mr Njadu. "Greetings from the Namibians to the South Africans brothers and sisters!"


















**So lyk dit as mense saamstaan in 'n plattelandse dorpie! Kyk net hierdie spoggerige "Before and Afters" in Murraysburg. Geen probleem is te groot om op te los as almal saamstaan nie. Baie dankie aan Gideon Knoetze en Anneline Knoetze vir julle onbaatsugtige werk en bydrae om ons dorp skoon te maak. Baie dankie aan Craig Newborne en Ryan Newborne vir julle bydrae met trekker en ook diesel. Die munisipale trekker (wat tans herstel word deur Martin venter) is buite werking, daarom moes Craig-hulle inspring om te help. Baie dankie aan Vuyokazi Ruiters van Beaufort-Wes Munisipaliteit dat jy kom help het om al die rommel op te ruim. Ook aan mnr. Nyathi vir jou instruksies en samewerking. Baie dankie ook aan George Plaatjies en sy span by die Murraysburg Munispaliteit.**






Die Courier se

**span**

Thompsonstr. 5
Posbus 64
Tel: 023 414-2615
E-pos:
diecourier@telkomsa.net

**Redakteur & kliëntediens**
Francois van Niekerk

**Advertensies, grafiese ontwerp & uitleg**
Anne-Marie van den Heever

**Algemene drukwerk & grafiese ontwerp**
Anne-Marie van den Heever

**Rekeninge**
Jenine Brönn
(023 414-2131)

Kontak Die Courier vir gratis kwotasies

Eien.: Courier Printing (Beaufort West) CC Reg. Nr. CK 96/16039/23

# Redaksioneel

"Ag, hoe lekker is dit tog om vroegoggend alte vrolik op en wakker te wees." Só skryf Willem Jordaan in Netwerk 24 op 4 Mei 2022.

"So het ek met 'n skeut sinisme gedink by die lees van Hanlie Retief se onthutsende onderhoud in Rapport met Louise Jooste, RSG se nuwe sakebestuurder, wat reken mense soek nie "swaar nuus" soggens nie. Nee, hulle soek "goedvoelnuus vir die ligter luim".

Daarom is RSG se Monitor-oggendprogram gehalveer en die aktualiteitsprogram Praat Saam geskrap. En nou het ons 'n jolliepatrollie-ontbytgeselsprogram genaamd Op en Wakker om die "oggend se styfgeit te breek".

Iewers hoor ek nou N.P. van Wyk Louw se vraag van lank gelede: "Is ons nog 'n intellektuele volk?" En weet opeens Jooste se stellings en regverdigings swaai die skaal swaar na die kant van "nee".

Trouens, wat nou by RSG gebeur het, asook Jooste se argumente, is tekenend van die breedlopende verdomming van ons samelewing, soos dit reeds in ons voor- en naskoolse onderwysinrigtings plaasvind. In dié geval raak dit die diverse Afrikaanssprekende luisteraars.

Verandering, ook van radioprogramme, is onvermydelik en dikwels noodsaaklik. Maar wat nou by RSG gebeur, is 'n oorgawe aan prettige vermaak, goedvoel-ditjies en -datjies en die klein liefhebberye van die gees.

Natuurlik is sulke dinge belangrik en gee ewewig aan die lewe, maar te veel daarvan is 'n gevaarlike abdikasie van die intellek. Dit kweek oplaas "pannekoekmense" – plat en breed gesprei, by voorbaat vermoei deur die langer woord, die verwikkelde sin en die deurdagte redenering. Amper soos met Winnie the Pooh wat sê: "Ek is 'n beertjie met 'n klein verstandjie en lang en baie woorde maak my moeg."

Die jongste besluit oor RSG kan verstaan word as 'n verset teen intellektuele debatvoering waarvoor Praat Saam onder leiding van Lynette Francis-Puren bekend én gewild geword het. Sy het reggekry juis dit waarvoor Louw gepleit het in sy siening van die "ware intellektueel" – dat dié nie noodwendig 'n hooggeleerde, ver gestudeerde mens is nie, maar iemand vir wie dit 'n lewensreël is om oor belangrike sake redelik te dink, billik te oordeel, aarselend te veroordeel en die eie mening met 'n bietjie meer selfkritiek te beskou.

Francis-Puren het dit reggekry om Louw se eis oor 'n "heilige onrus" oor eie veronderstellings te laat gedy. En daarmee getoon dat Afrikaanse luisteraars beslis ook 'n behoefte aan beredeneerde perspektiewe het. Ons is nie almal soos Jooste blykbaar dink ons is nie . . ."

Praat Saam is gedra deur die passie om die "waarheid" van idees oor ons manier van saamleef in Suid-Afrika en elders ter wêreld saam te stel uit baie soorte perspektiewe. Die veranderinge kom neer op 'n versaking, as "openbare uitsaaier", van die plig om ook intellektuele waardes te laat gedy – om in die donker water van onbegrip af te duik en met blink pêrels van begrip en insig terug te kom."

# Dit, dat en nog wat

Die wêreld het so baie 'dae' wat niks beteken nie. Vrouedag, maar vrouens word steeds verkrag en mishandel. Versoeningsdag, maar haatspraak word al meer en ons kry dit nie reg om ons rasseverskille te erken en dit te bestuur nie. Menseregtedag, maar menseregte word totaal ontken, of misbruik en uit verband geruk. Vryheidsdag, maar die owerhede is slawe van die duiwel en die massas is gevangenes van armoede en alles wat daarmee gepaardgaan. Erfenisdag, maar die wêreld ontken en verdraai die verloop van die geskiedenis om vir mense wat niks opgebou het oor die eeue nie ook 'n veer in die hoed te sit. Trotse simbole van sukses word in die proses afgebreek. Ons leer nie uit die verlede nie en almal is verloorders.

En dan my eintlike probleem: Braaidag. Braaidag gee elke ou wat 'n pak Blitz, 'n sakkie Spar-kole, 'n stootbare braaidrommetjie, 'n pak "marinated" vleis, vier mielies in Glad Wrap in 'n foamalite-bakkie, 'n wieletjie deodorant-wors, 'n "garlic bread" in foelie en iets oranje met 'n snaakse naam op 'n stokkie (met bacon en cherries op) die reg om homself 'n braaier te noem.

Dis nou daardie ouens wat met handskoene braai en nie weet dat 'n goeie wors slap is nie. Hulle braai hom tot dit lyk of hy op honeymoon is en dan nog een keer op elke kant voor hulle by hul vrouens vra of hy reg is. Die braaibroodjie word ge-chutney, gemostert of ge-sweet chilli solank hy net nie soos braaibrood smaak nie. Sommige kenners koop winkeldeeg en braai dik, ronde roosterbolle op hul sousbesmeerde roosters terwyl die vleis lê en stoom in 'n casserole wat se deksel nie op 'n skrefie oop is nie.


Tog geniet ek braaidag, want a.g.v. Tops se bykosse verdubbel die intelligensievlak en dapperheid van braaiers. Die gehoor word mettertyd swakker en die musiek harder. Soos Vrougoed altyd sê: "Vandag help praat nie en kan ons weer net bid vir hom."

Die wêreld het so baie dae wat so nutteloos lyk, maar so vol sports kan wees as ons dit reg gebruik. En nagte. Mag julle braaiers wat ore het hoor vanaand en jul vrouens sommer self sien as hy reg is.

***Johan Strydom***



**DA Beaufort West wins 'Best Stall Award - Platteland Council' in Riversdal on 30 April 2022.**




**Bekende Suid-Afrikaanse skrywer, C. Johan Bakkes, saam met Deon Jonker voor 4 Sheep Restaurant.**

## 3 Home cleaning tips to help you clean smarter

We have stepped into a new quarter of the year, and with winter slowly approaching it is a good idea to do some spring cleaning and rearranging to be better prepared for the colder season.

Instagram's favourite cleaning hacks mom, Carolina McCauley, has taken to social media to share helpful home cleaning hacks which will help you freshen up your home and ensure that you are cleaner smarter and not harder.

**Stop colours from fading when doing laundry**

Over time your clothes tend to lose their original strong colours due to being washed frequently. These hacks will ensure that your clothes do not lose colour after each wash in the washing machine.

Before tossing your clothes into the washing machine, make sure that all of your clothing items are turned inside out.

Add 2 tablespoons of salt to each load, making sure that you separate your clothes into similar colour groups.

Once that is done, you can add quality detergent into the detergent slot on the washing machine, and then use vinegar as a fabric softener to add colour to your clothes and leave them smelling fresh.

**Cleaning sliding doors**

Cleaning your sliding door frames may be a tough task because of how difficult it is to get into the frame and tracks to get rid of the dirt and dust that may be stuck in there, especially if your are using a broom.

Squeezing a toilet paper roll and then adding it to your vacuum machine is the best way to deal with dirt and dust stuck in your sliding door tracks as the toilet paper roll will get directly into the tracks and suck up anything that might be trapped in there.

**Cleaning your toilet brush**

Even though your toilet brush is used to clean the toilet, it is important to clean your brush after using it to make sure that the brush does not have any bad odors which could affect the way in which your bathroom smells. After using your toilet brush, prop the brush under the lid of your toilet seat, and then pour steaming hot water onto the brush to clean the brush.

Once that is done, add some disinfector onto the brush, and then leave the brush under the lid of the toilet seat to dry.

**SENTRAAL KAROO DAGBOEK MEI/JUNIE 2022**

Hoërskool Sentraal OOV Fonds-insameling Rolbaldag: 28 Mei

*****

The 9th annual Stoep Tasting Wine Weekend takes place in Graaff Reinet and Nieu Bethesda from May 26 to 28, 2022

*****

Teri-Lemveli:
9 Junie 2022 – Bottomless Coffee Band
22 Junie 2022 – Jan Blohm

*****

Karoo Winter Wool Festival to be held in Middelburg, from June 24 to 26

**SPERTYD vir elke week se nuus en advertensies: Dinsdae, 12:00**

# briewe
## lesers sê hul sê

### Hoekom vier en nie vyf of ses nie?

Op pad na die noorde staan hy waar die dorp ophou asemhaal en wanneer jy jou voet in die deurgang na die Wes-Kaap sit, staan hy soos 'n baken vir verdwaalde siele met sy wang teen die oewer van die Spring-fonteindam.

Op sy balkon met 'n panoramiese vista van ons dam en vlaktes doem die Nieuveldberge grys op in die verte.

Dit is hiér waar jy kan kom sit, voor jou uitstaar en besef dat al staan die niks blou in die blom, is die Karoo waar jou hart lê!

Saam met ander, besing ek ook die lof van hierdie drie-in-een stilhouplek in die Karoo: restaurant, deli én geriefswinkel.

The co-owner, Deon Jonker, had a mouthful to say about the facility, especially the somewhat awkward name. Why 4 and not 5 or 6 Sheep, I asked! He explained: "Well, here we do not only love sheep - we love flocking together. We are inspired by the bond between family and friends and this is what the 4 in our name represents. Here we cater for families and friends whether you're a big or small herd."

4 Sheep serves authentic Karoo cuisine inspired by age old recipes of families who call the Karoo their home. with Lamb Curry being a firm favourite. Their Hawain Pizza is nothing short of a Pacific island holiday. With every bite you can hear the rustling of palm trees and the rushing sound of breaking waves!

4 Sheep loves sharing information about our town which is steeped in rich and jaw dropping history by way of a "Did You Know" list.

Their promise to you and me: "We promise to bring you ethically farmed, authentic Karoo lamb and mutton from the Beaufort West region. We promise to serve you mouth-watering dishes with love and wholesome ingredients and to take you on a delectable journey to experience the flavours of the Great Karoo."

Wel, as jy die dag lus kry vir egte Karoo huiskos, beveel ek aan dat jy jou geliefdes na 4 Sheep neem vir 'n bederf of daar nou 4 óf 6 in jou trop is!

Thank you 4 Sheep for being wonderful ambassadors for Beaufort West and thank you most kindly for your support.

***INKkoors Theatre***




# sms jou sê

**SMS na 072 148 8452. Neem asb. kennis dat opinies wat deur lesers in hierdie kolom uitgespreek word, hul eie is en nie noodwendig die opinies van Die Courier se redakteur, personeel of eienaars weerspieël nie. SMS'e word in goedertrou geplaas en beledigende of lasterlike SMS'e word nie geplaas nie. SMS'e met 'n naam en van daarby sal voorkeur kry.**

Ek wonder of die werkoudit van amptenare by die munisipaliteit al afgehandel is en of die poste wat nou geadverteer en selfs gevul word, op die organogram is. Volgens my is daar baie amptenare wat elke maand 'n salaris ontvang maar nie juis werk het om te doen nie. Het die Raad nie gehoor wat die president gesê het nie, naamlik dat die regering en munisipaliteite nie werkverskaffers is nie, maar ondersteuning aan privaat-instansies moet gee om werk te skep. ***Belastingbetaler***

*****

In Tshwane word water en elektrisiteit afgesny waar dienste en erfbelasting agterstallig is. Beaufort-Wes moet ook werk maak van hierdie saak. Die tyd van leeglêers is verby. ***Betaal is die wet van Transvaal***

*****

Dit smaak my die koalisie in Beaufort-Wes is baie broos en niemand waag dit om standpunt in te neem nie. Wat het geword van dit wat alles aan die gemeenskap belowe is? Almal is te bang hulle doen of sê iets wat hul posisie van mag en groot salaris in die gedrang mag bring. Intussen buit die werkers die situasie uit en doen net wat hulle wil. Selfs GOOD wat so braaf verkondig het dat hulle almal op hulle tone gaan hou, is nou diep aan die slaap in die bed. Ons praat nie eens van die DA nie. Na een 'Uit die Raadsaal' artikel in Die Courier is daar sederdien 'n doodse stilte. Raadslid Sias Reynolds hardloop hom flou agter almal se klagtes aan, maar wat in die Raadsaal gebeur is 'n groot geheim. Hiberneer die ander DA-raadslede nou al? ***Sinies, Beaufort-Wes***

# Grappies




Kallie besoek vir Mike in die hospitaal, waar dié soos 'n mummie in verbande toegewikkel sit.

"Ou Mike, wat het met jou gebeur?" wil Kallie weet. "Ag, Kallie man, ek was laas naweek saam met die familie by 'n museum met 'n ou meule. Die gids het vir ons gesê om nie ons koppe by die venstertjie uit te steek nie, want die meul se vier spane kom daar verby. En ek het hulle goed getel, die eerste, die tweede, die derde, die vierde... en toe ek my kop uitsteek is daar wragtag 'n vyfde!"

*****

Juffrou vra vir Gatiep: "Jou ma het 4 aartappels, julle is 9 kinders, hoeveel aartappels gaan elkeen kry?"

Gatiep: "My ma's nie stupid nie, sy maak mash!"

AIRPARK
BEAUFORT WEST
WE KNOW INTERNET
Wireless Internet | IT Hard & Software | Layer2 Services
On-Site Support | IP Cameras | Webdesign
Enterprise WIFI | Branch Interconnect | Cloud Services
Voice Over IP | Security Solutions | Turnkey Solutions
WAPA ICASA
Tel: 023 007 0023 - email: contact@airparkbw.co.za
71 Bird Street Beaufort West 6970 www.airparkbw.co.za
AIRPARK

## Spotlight on the DRC

Philippe Menache and Helmut Wolff, both great admirers of church architecture, have just launched a new book entitled *Die NG Kerk*. This 136-page full-colour book features comprehensive text covering 139 Dutch Reformed Churches across the country. It also gives brief background details on the little towns in which these churches are situated, as well as historical details of the architects. In addition, special interior and exterior features are also highlighted. Sadly, say the authors, the country's declining economy, poverty and depopulation of the platteland, have left their mark and some of these beautiful buildings have been neglected. The book fills an important niche in the market. In addition to being an interesting coffee table book, it will be of value to architectural students. It costs R270, plus an additional charge of R99 for Postnet fees.

Die dokter bel die loodgieter twee-uur in die oggend en sê sy toilet is verstop.

Loodgieter "Maar dit is twee-uur in die oggend!"

Dokter "Ek weet, maar jy het my ook al in die nag gebel met probleme."

"Goed, ek is nou daar" By die dokter se huis kyk die loodgieter na die toilet, haal twee pille uit sy sak, gooi dit in die spoelbak en sê vir die dokter: "As dit nie more beter is nie bel my weer."

*****

'n Omie kom op 'n Vrystaatse plaas aangery. Hy klop aan die deur en Kleinboet maak oop. "Môre Boetie, is jou pa hier? "Nee, Oom, hy en Ma is dorp toe." "Is jou ouboet Gert dalk hier?" "Nee, Oom, hy is op kosskool. Hy kom eers volgende naweek huis toe, maar kan ek Oom dalk help?" "Nee, Boet, om die waarheid te sê, ek moet dringend met jou ouers praat. Jou broer Gert het my dogter Johanna swanger gemaak." "Gits, Oom, ek weet nie so mooi wat om vir Oom te sê nie. Ek weet my pa vra R1 000 per dek vir die stoetbul en R500 vir die stoetram, maar ek weet regtig nie hoeveel hy Oom vir Gert se werk gaan vra nie."

*****

Gatiep loop met 'n spul sinkplate onder sy arm die straat af. Sy pêl vra: "Wat is daai?"

Gatiep: "Ek is vanoggend geskei en ek het die huis gekry."

Voortrekkerstraat 4,
Beaufort Wes
karoonetwerk@isat.co.za
de Jagers
- CELEBRATING -
- 23 YEARS -
Loodgieter Kontrakteurs
023 414 4353 • 083 2828 507/8 (n/u)
- Herstelwerk
- Nuwe installasies
- Gebarste pype
- Verstopte riole
- Besproeiing
- Galv. Geute
Verskaffers van:
* Koper
* Galv.
* PVC
* Nylon
* HDPE & UPVC
* Drukpompe
* Tru Osmose waterstelsels
* Geysers:
- Elektries
- Son
21
Bounywerheidsraad gekwalifiseerde Loodgieters vir
Gratis kwotasies
(binne dorpsgebied)






# Lewende Woord

## Bang vir more - Lukas 12:7

Bekommernis is soos 'n wiegstoel. Dit hou jou besig, maar dit bring jou niks verder nie. Hierdie gesegde is baie waar, maar dit keer ons nie om nogtans onsself oor dinge te bekommer nie, al is dit so dat seker 80% van dinge wat ons bekommerd maak nie, nie gebeur nie, en dat aan die orige 20% ons in elk geval niks kan doen nie.

In 'n tyd waarin geweldadige misdaad algemeen geword het, is dit natuurlik dat 'dit wat die liggaam doodmaak' ons bekommerd maak. Maar hulle kan niks verder doen nie.

Hulle kan nie ons ewigheid van ons af wegroof nie. As ons vermoor word, gaan ons na ons Here, waar daar geen gevaar of trane is nie. Maar as werk min word en rentekoerse, kospryse, brand-stofpryse en skoolfondskoste styf, dan het ons baie om oor besorg te wees. Hoe gaan ons dit maak?

Die Here herhinner ons in Lukas 12:5 en 7: “Moenie bang wees nie.” (Vir hulle wat die liggaam doodmaak nie.) Ek sal vir julle sê vir wie julle bang moet wees. Vir hom wat mag het om na die dood in die hel te werp. Vir hom moet julle vrees. Word vyf mossies nie vir twee sent verkoop nie? Tog word nie een van hulle deur God vergeet nie. Selfs die hare op jou kop is almal getel. Moenie bang wees nie. Julle is baie meer werd as baie mossies.

Ek het onlangs 'n treffende plakaat gesien met die volgende vraag daarop: “Is jy bang vir môre?” En dan onderaan die plakaat hierdie aangrypende antwoord: “Moenie bang wees nie, Jesus was reeds daar.”

Baie mense kyk met 'n beklemming in die binneste na die toekoms! Dit is nou al so donker en moeilik in my lewe – ag, wat nog van môre en oormôre? En die wêreld is so vol krisisse en benoudheid. Maar ek het hierdie troos! Voor op die pad is Jesus Christus. Hy van wie daar in Openbaring geskryf is dat Hy die blink Môrester is. Hy sorg. Het u dit nie so ewe in u Bybel gelees nie?

*Koos Vivier*

# Rod’s Reflections



## The present time

Everyone knows the English proverb, 'There's no time like the present'. Waiting for our breakfast at Tessie se Nessie one morning, there it was on a sugar packet put out by Huletts. Like so many sayings and proverbs it contains an important truth, which is, yesterday is gone, tomorrow is still to come, so there's no time like the present to do…whatever.

But it occurred to me as I read that proverb again that one can easily reverse the order of the key words and highlight a further truth, namely that there is no present like time.

How much better all relationships would be if we took time and used it more carefully, more lovingly, more caringly, and with greater understanding, and what a wonderful present – as in gift – us spending even five minutes more with someone than to rush away in order to keep ticking off our list of 'things to do'. God help me, I am as guilty as the next person. So I am writing to myself as well as to you.

I find it enormously frustrating to be in conversation with someone and see a glazed look come into their eyes, and you just know that their minds have moved on to somewhere else, and that they are no longer listening, even though they may nod their heads and even give a grunt or two as you speak.

Sometimes I have wanted to stop a sentence midway through and trot out words from a nursery rhyme just to see if they are actually still listening or have mentally gone away to somewhere else. 'Mary had a little lamb, its fleece was white as snow…' I think that often they would not notice at all, and just keep nodding and grunting as they continued with their wool-gathering.

Or you're halfway through a joke or a story and the other person will see someone across the room and shout out 'Hi, George!' so that you lose your train of thought and have to start the story again. I feel like saying, 'Never mind, go and chat with George'. Or someone will tap their watch as you meet and emphasize that 'I only have 2, 3, 5 minutes'.

There is no doubt at all that too many of us want to give the impression of being so busy, busy, busy, and that we are therefore so important with all we have on our plates, and with so many dependent on us, that we just don't have time for anything frivolous and consider it to be time-wasting. 'Time is money, you know' as the saying goes.

Sometimes I think it would have been better if watches and clocks had never been invented. Even the old sundial that predates these time-bound instruments we wear on our wrists or that adorn out mantelpieces. As much as I love and admire the workmanship that goes in to creating a beautiful watch or clock – ah, the grandeur and glory of a well-made grandfather clock with its stately chimes telling the time – I have to wonder if we haven't all become slaves to keeping to time.

Time is a present. And it is a present in time. I wonder if I am truly living in time, instead of living in a time called the future, which I guess, like most other people, I spend far too much time preparing for by way of anticipation, of insurance policies, of shoring up money for a time that I will definitely not be around to enjoy, because it is savings for my wife to live on after I'm gone, and for our children to make use of so that we try to ensure for them a better future than we might have had. The sad, indeed pathetic, truth of the matter is that every generation saves for their children, and so it goes on and on and on, and no one then lives in the present time, fully enjoying the now moments we are given, because shame, we have to look after our children and their future. Think about it. Does that state of affairs not strike you as somewhat ridiculous?

There's no present like the time. That being so, can we not gift others some of our time, but make sure that whatever time we give them is 100%. Real time. Every time.

*Rod Baumeister*





**Dr Liezl Stockigt**
Algemene Praktisyn
Tel: 023 415 2663

**May 2022**
**Subject to change**

Voortrekkerstraat 33
Beaufort-Wes
6970

Saterdag 21 Mei en Sondag 22 Mei: Gesluit








# Sudoku

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 5 | 7 | 6 | 1 | | 3 | |
| | | | | | | | 9 | |
| | | | | 5 | | 6 | | |
| | | | 6 | 4 | | 8 | 7 | |
| | 6 | | | | | | | 4 |
| 8 | | 3 | 2 | 1 | | | | |
| 1 | | | 5 | | | | | |
| | | 9 | | | | | | |
| | | 7 | 1 | 8 | 4 | | 2 | |




SPERTYD vir elke week se nuus en advertensies: Dinsdae, 12:00






# Die Courier Hoor

Hoërskool Sentraal OOV Fondsinsameling Rolbaldag.
Datum: 28 Mei 2022
Tyd: 14:00
Plek: Beaufort-Wes Rolbalklub
Inskrywingsfooi: R120 pp, ete ingesluit. Elke speler ontvang ook 'n geskenkpakkie. Vele pryse te wen.
Formaat: Twee spelers en twee nie-spelers per span
Kontak Lynette Levings om jou plek en etes te bespreek (083 377 5610)

*****

The 9th annual Stoep Tasting Wine Weekend takes place in Graaff Reinet and Nieu Bethesda from May 26 to 28, 2022. During this time visitors can sip, taste and purchase world class wines whilst strolling along the streets or simply sitting on a stoep and watching the world go by, say the organisers.

*****

Sarah van Lingen, from a farm in Schoombee near Middelburg, is part of a private tourism and community group which is organising the Karoo Winter Wool Festival to be held in Middelburg, from June 24 to 26. Their aim is to create a unique experience that promotes a product that has carried the Karoo's name into the international arena "We hope to educate people about wool, explain why it is such a wonderful fibre and how it is used to create garments and items that we use every day. Not only do we want to show the process, but we also want to celebrate all the wool-based businesses in South African," says Sarah. "To this end we have invited members of the fashion industry, small business owners, wool producers, wool manufactures, sustainable fibre advocators and networks to share their knowledge and promote their products." The programme will include a exhibitions, talks, workshops and discussion groups. More from Sandra at dwarsvlei.karoo@gmail.com

*****

